higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

FINANSIËLE BESTUUR: BOERDERY N6

(4090506)

27 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Nieprogrameerbare sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
FINANSIËLE BESTUUR: BOERDERY N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: GEÏNTEGREERDE BEGROTING, BELEGGING EN BTW

1.1 Ontwikkeling van 'n strategie in boerdery word gedoen deur faktore soos doelwitte, sterk en swak skakels in bestuur, die interne en eksterne omgewings en risiko-oorwegings te ontleed. Hierdie inligting is van spesiale belang vir jong, opkomende boere. Veronderstel jy is uitgenooi om hierdie jong boere oor die formulering van 'n strategie toe te spreek.

1.1.1 Bepaal watter advies jy aan 'n groep nuwelingboere sal gee oor minstens DRIE riglyne of faktore wat nuttig kan wees wanneer boerderydoelwitte geformuleer word. (3)

1.1.2 Berei VIER punte voor om aan 'n groep jong boere die komponente te illustreer wat kan help om die sterk punte en swak punte in hul bestuursvermoëns uit te wys. (4)

1.1.3 Wys hulle op minstens TWEE faktore wat 'n invloed op die winsgewendheid van 'n gewasboerdery het. (2)

1.1.4 Identifiseer minstens TWEE onderwerpe of punte aan die hand waarvan daar bepaal kan wordof hulle kennis het van beheerbare faktore wat oesopbrengste kan beïnvloed. (2)

1.1.5 Verduidelik aan hulle enige TWEE faktore wat 'n rol in die eksterne omgewing speel. (2 × 2) (4)

1.1.6 Verduidelik hoe jy hulle sal help om die verskil tussen *risiko's* en *onsekerhede* te verstaan. (2 × 2) (4)

1.1.7 Gee 'n kort uiteensetting van die DRIE diverse onsekerhede wat hul boerderyondernemings kan beïnvloed. (3 × 2) (6)

1.2 Dit gebeur ook soms in 'n boerderysituasie wat, weens verskeie redes, 'n boer kapitaal vir korter of langer tydperke kapitaal buite sy/haar boerderyonderneming moet belê.

1.2.1 Identifiseer SES faktore wat 'n boer in aanmerking moet neem wanneer hy of sy 'n keuse tussen alternatiewe vorms van belegging moet uitoefen. (6)

1.2.2 Gee 'n uiteensetting van SES beleggingsalternatiewe wat tot boere se beskikking is. (6)

1.2.3 Verduidelik waarom dit raadsaam is vir boere om dit te oorweeg om kapitaal buite hul boerderyondernemings te belê. (3)

1.3 Voltooi die volgende formules oor BTW.

1.3.1 BTW betaalbaar =

1.3.2 BTW terugbetaalbaar =

(2 × 2) (4)

1.4 Verduidelik die DRIE funksies van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens. (3 × 2) (6)

[50]

VRAAG 2: ONTLEDING EN INTERPRETASIE VAN BOERDERYRESULTATE

2.1 Die volgende inligting is van 'n boerdery in Tzaneen verkry. Die plaas bestaan uit braaikuiken- en groente-ondernemings. Bestudeer die inligting en beantwoord die vrae wat volg.

	R
1 000 dagoudkuikens	6 900
50 sakke saagsels	1 500
15 sakke aanvangsvoer	4 000
40 sakke groeivoer	9 000
Permanente arbeiders	20 000
Bestuursalaris	10 000
Inenting	1 000
Saad	1 000
Misstowwe	10 000
Onkruiddoders	5 000
Plaagdoders	5 000
Brandstof vir verbouing gebruik	1 000
Brandstof gebruik om groente te vervoer	3 000
Oesversekering	1 000
Ander vervoerkoste	15 000
Elektrisiteitskoste	4 000
Herstelwerk	24 000
Verkoopprys per braaihoender	60

2.1.1 Veronderstel die mortaliteitskoers van die kuikens is 10%. Bepaal die bruto marge van die hoenderonderneming. (12)

2.1.2 Identifiseer die koste-items wat direk aan die groenteonderneming toegewys kan word. (7)

2.1.3 Bepaal die koste-items wat nie direk aan 'n individuele onderneming toegewys kan word nie. (5)

2.1.4 Wat is die doel van 'n ondernemingsontleding/analise? (2)

2.2 'n Verskeidenheid doeltreffendheidsontledings kan in die boerderysituasie gebruik word.

2.2.1 Gee 'n uiteensetting van VIER doeltreffendheidsontledings wat deur boere gebruik word. (4)

2.2.2 Bepaal SES algemene kriteria wat deur boere gebruik kan word om die doeltreffendheid van 'n Bonsmara-trop te meet. (6)

2.3 Watter kriteria kan gebruik word om aan te dui of die grootte van die plaas voldoende is om goeie resultate te gee onder normale klimaatstoestande en gesonde bestuur? (4)

2.4 Veronderstel die volgende inligting oor 'n mielieboederyonderneming vir 'n bepaalde jaar is beskikbaar:

500 hektaar koring word jaarliks verbou.
900 ton is geproduseer met 'n verkoopprys van R1 000 per ton.

Die volgende koste is aangegaan:

	(R)
Produksiekoste	500 000
Salarisse en lone	40 000
Depresiasie op voertuie en toerusting	170 000
Brandstof	50 000
Herstelkoste aan voertuie en toerusting	90 000

Die gemiddelde kapitaalbelegging in die boerderyonderneming is soos volg:

Voertuie en gereedskap	1 000 000
Grond en verbeterings	2 000 000

Bereken die volgende:

2.4.1 Mannekragdoeltreffendheid

2.4.2 Implementeer die doeltreffendheid met verwysing na veranderlike koste

(2 × 5) (10)
[50]

VRAAG 3: DIE REG OM GROND TE GEBRUIK

3.1 Identifiseer DRIE basiese maniere om die reg om grond vir boerderydoeleindes te gebruik, te verkry. (3)

3.2 Bepaal die redes waarom dit dikwels raadsaam is dat die loonooreenkoms NIE langer moet geld as wat nodig is nie, vanuit die perspektief van die junior vennoot. (4)

3.3 Kies 'N term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (3.3.1–3.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.3.1	Eenvoudigste vorm van gesamentlike boerdery	A	projekooreenkoms
3.3.2	Voorloper tot 'n langtermyn-gesamentlike boerderyooreenkoms	B	loonooreenkoms
3.3.3	Junior vennoot kry kans om vaardighede te ontwikkel	C	takooreenkoms
3.3.4	Senior vennoot verskaf kapitaal	D	loon/winsdelingsooreenkoms
3.3.5	Besluite word gesamentlik geneem	E	vennootskappe
		F	alleeneienaar
		G	junior vennoot

(5 × 1) (5)

3.4 Verduidelik die VIER basiese tipes huurooreenkomste. (4 × 3) (12)

3.5 Gee 'n kort oorsig van die voordele en nadele daarvan om te grond te koop eerder as om dit te huur in 'n boerderyistuasie. (13)

3.6 Verduidelik die advies wat jy aan 'n groep jong boere sal gee deur aan hulle te verduidelik watter probleme kan ontstaan wanneer 'n deelsaaiery-huurooreenkoms ('share cropping lease agreement') gesluit word. (8)

3.7 'n Veedeling-huurooreenkoms ('stock-sharing lease') is gewoonlik meer ingewikkeld as 'n deelsaaiery-huurooreenkoms.

Adviseer 'n groep opkomende boere deur 'n lys van die addisionele besluite wat in die geval van 'n veedeling-huurooreenkoms geneem moet word, neer te skryf. (5)

[50]

VRAAG 4: PLAASMASJINERIE EN -GEBOUE

4.1 Veronderstel die volgende inligting hou verband met 'n bepaalde masjien vir 'n boerdery-onderneming in Kaapstad.

Kosprys	R950 000
Lewensverwagting	10 jaar
Sloopwaarde na 10 jaar	10% van kosprys
Geprojekteerde jaarlikse gebruik	1 200 uur
Geleentheidskoste van kapitaal	20% per jaar
Versekering	R40 000/jaar
Herstelwerk en instandhouding	R55/uur
Brandstof	R30/uur
Arbeid	R12/uur

Veronderstel verder dat die masjien jaarliks op 800 hektaar sorghum gebruik word.

Bepaal elk van die volgende:

4.1.1 Vaste koste per jaar wat met die masjien geassosieer word (5)

4.1.2 Veranderlike koste per jaar wat met die masjien geassosieer word (5)

4.1.3 Totale koste per jaar wat met die masjien geassosieer word (3)

4.1.4 Totale koste per uur van die masjien (3)

4.2 Gee 'n kort uiteensetting van VYF voordele wat uit nuwe plaasgeboue verkry kan word. (5 × 2) (10)

4.3 Bepaal DRIE voordele van selfkonstruksie van plaasgeboue in teenstelling met die gebruik van kontrakbouers. (3 × 2) (6)

4.4 Verduidelik die DRIE nadele van selfkonstruksie van plaasgeboue. (3 × 2) (6)

4.5 Vergelyk en kontrasteer die voordele en nadele van geleidelike voltooiing van plaasgeboue in teenstelling met onmiddellike voltooiing. (12)
[50]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou